



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 7 Februarie 2021

Vyfde Sondag ná Epifanie

Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-11

Tema: Is God weg?

God is weg. Dit is die ergste wat enige mens kan ervaar, die diepste put waarin jy gegooi kan word, die moeder van alle krisisse. Daarnaas is alle ander dinge, hoe erg hulle ook al mag wees, kinderspeletjies.

Só glo ons

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is. (NGB art. 1)

Ek glo ...

Program vir die week

Vandag:

- **Erediens** olv ds Jaco Thom.
- **Deuroffer:** Engo Kinder- & Jeugsentrums
- Vrouebediening **Dankbaarheidsbotteltjies**

Volgende Sondag: Verheerlikingsondag

- **Erediens** olv ds Jaco Thom.
- **Deuroffer:** Engo

Bybellees-program

- Ons lees tans **die boek Spreuke**. Vandag lees ons Spr 13. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#).

Allerlei



Geluk aan ons nuwe kerkslede

Ons het verlede naweek die volgende kerkslede digitaal bevestig:

Ouderlinge:

Sakkie Hartzler (wyk 1), Tikkie Nieuwoudt (wyk 5), Dawie Meades (Emmaus), Hubart Janse van Rensburg (Leeukuil), Fanie Ward (finansies), Phillip du Plessis (sending)

Diakens:

Leana Hugo (wyk 3), Kobus van der Westhuizen (wyk 5), Arno Bouwer (Modder-rivier-Oos)




Kerksvergadering

Die kerksvergadering sou op 9 Februarie gehou word, maar die dagbestuur het dit uitgestel na 16 Februarie. Ons vra voorbidding vir hierdie belangrike vergadering.

Ons eie gemeente-toep (app)

Jy kan nou NG Kerk Petrusburg se toep vir jou slimfoon aflaai by die Playstore of die App Store. Soek **NG Kerk Petrusburg**, laai af, installeer en registreer, en siedaar! Dis heeltemal gratis. Jy kan die hoofstuk van die dag, die erediensvideo's en nog meer daar kry. Ook kennisgewings.



Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Februarie

- 7 Marina van der Watt
- 8 Irma du Plooy
- 10 Marié Strauss
- 11 Francois van der Berg
- 12 Fanie van der Watt, Johan Haasbroek
- 13 Stiaan du Plessis, Alex Watt



Huwelikerdenkings

Februarie

- 9 Alex & Althea Watt (13j)
- 10 Attie & Ina van Jaarsveld (42j)
- 10 Phillip & Maggie van Vuuren (53j)



Dink spesiaal aan:

- **Danie Jacobs** (herstel ná knieervanging.)
- **Joey Kruger** (begin weer Maandag werk ná 'n ongeluk by die werk)
- **Anita Wagner** (weer tuis ná 'n heupvanging)
- **Marius Stander** (vorder goed, maar daar lê nog 'n lang pad vir hom voor)

Biddende Hande



Gebede vir HERLEWING...

Kenmerke van 'n geestelike herlewing:

Die geloof van Christene word vernuwe en hulle geestelike waarnemingsvermoë herstel. Terwyl hulle teruggevalle was, was hulle blind vir die toestand van sondaars. Hulle harte was verhard en die beloftes in die Bybel soos 'n droom. Hulle het erken dat die Bybel waar is, maar hul geloof het nie regtig die werklikhede van die ewigheid waargeneem nie. Wanneer hulle dan geestelik ontwaak, word 'n nuwe liefde vir 'n verloregeande wêreld in hulle harte uitgestort. Hulle beywer hulle vir die redding van siele en dra hul bure, familie, vriende en vyande in arms van geloof na die Here toe. Met tranes smeek hulle die Here Jesus om die verlore in genade aan te sien en hulle siele van die vlam van die ewige dood te red.

Gebed: *ABBA Vader, verlig asb die oë van ons verstand, sodat ons die ou waarhede van die evangelie dieper en breër sal verstaan. Ons bid vir 'n dieper verhouding met Christus, 'n dieper verstaan van die volkome verlossing en bevryding wat Christus vir ons bewerk het. Gee ons 'n dieper verstaan van die inwoning van die Heilige Gees, die Gees van Christus, in ons binneste. Leer ons om daaglik in groter afhanklikheid van U, ons God en Vader te leef – om te leef vanuit die volheid van dit wat U vir ons in Christus Jesus gegee het. Amen.*

Sake vir voorbidding:

- Dank die Here vir verlossing in Jesus Christus.
- Skole wat gereed maak om te heropen. Talle vakante poste wat gevul moet word, ook hier plaaslik. Bid asb vir aanstellings volgens Sy volmaakte wil.

- Covid 19: siekes, hulle wat herstel het maar steeds met nagevolge sukkel; gesondheidspersoneel, verspreiding en aankoop van entstof.
- Bid vir almal in jou straat/wyk vir redding; geestelike groei, omgee vir mekaar.
- 24/7 Gebedswag: 15-20 Februarie. Tema: Sweef soos 'n Arend. "Vrede kom nie as die storm bedaar nie. Vrede kom wanneer jy weet God is by jou." (Mark 4:35-41)

Biddende Hande word deur Lulu Hugo behartig. As daar enige sake is waarvoor jy gebed verlang, kontak haar gerus by 083 309 7277 of lulu.hugo@yahoo.com

Gebed in die tyd van die koronakrisis

vertaal uit kerknet.be

*God van alle lewe,
U het nog altyd u liefde aan mense betoon.
In Jesus, u Seun, het U tot by ons gekom.
Hy het aan siekes genesing en vrede gebring.
Deur sy goedheid en versoening het Hy 'n nuwe toekoms geopen
vir mense wat verlore was.*

*Kom ons ook in hierdie dae van onrus en onsekerheid tegemoet
met die Gees wat vir Jesus besiel het.
Gee ons kalmte, wysheid en moed
om te onderskei wat ons kan doen om ander te ondersteun
en hierdie krisis te help oorwin.*

*Gee dat, noudat ons almal so bewus is van ons eie kwesbaarheid,
ons sal groei in hoop en vertroue.
Laat ons bly glo dat U alles ten goede laat meewerk.
Deur Christus, ons Here.*

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		